

14 JUNIE

SKRIFGEDEELTE: 1 SAMUEL 15
FOKUSGEDEELTE: 1 SAMUEL 15:3-28

Ongehoorsaamheid is soos afgodery

Ons hoor soms: "Ek gaan nie kerk toe nie, want ek dien die Here net so goed in die natuur." Of: "Ek kwets wel soms mense, maar ek praat altyd reguit. Die Here sê mos ons moet die waarheid praat." Ons kan iets gou goedpraat as ons nie doen wat die Here beveel nie. Gewoonlik het mense ook 'n "goeie", of selfs verwronge Bybelse argument om hulleself te regverdig.

Saul moes alle Amalekiete en hul besittings met die swaard en vuur vernietig weens hulle sonde. Dit was God se uitdruklike bevel. Saul het egter beter geweet. Hy het koning Agag na die oorwinning nie doodgemaak nie, want hy wou van die bangoed aan die Here offer, of so het hy vir Samuel gesê. Die Here antwoord egter ondubbelsinnig dat "eiesinnigheid net so erg as die bedrog van afgodery" is (vs. 23).

Saul het dalk regtig bedoel om aan die Here te offer. Die oomblik dat ons egter begin verbeter op die Here se opdragte, begin ons eie wil, en selfs ons sondige selfsug saampraat. Saul was seker baie populêr toe hy van die bangoed vir sy soldate gegee het. Moontlik wou hy ook nog sy eie beuel gaan blaas as hy, soos die gebruik destyds was, die oorwonne koning Agag in kettings voor hom uit die stad Gibeon of Gilgal instuur. Dink hoe die mense hom sou prys!

Eiewillige godsdienste eindig altyd by 'n afgod. Die afgod is óf jyself óf een of ander verwronge idee van God, of van dit wat Hy van ons eis. Die Here straf ongehoorsaamheid!

Sing: Skrifberyming 9-4:1

Ds Anton Janse van Rensburg (Paarl)